



# DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 14 \* Nr128 \* MAART 2017

## LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Fokus op die Huwelik	4
Gebedsaksie	5
Reseptehoekie	6-7
Mosambieknuus	8
Mosambiek: Quionga	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12

## OM TE VERGEWE

Het jy dalk 'n probleem met onvergewensgesindheid? Iemand of iets ('n daad) wat jy nie kan vergewe nie. Sukkel jy dalk om jouself te vergewe vir iets wat jy dalk gedoen het? Sommige sê "Ek sal vergewe, maar nooit vergeet nie". Dit is dan tereg ook, nêrens word daar in die Bybel vir ons vertel dat ons moet vergeet nie, maar wel dat ons 70 x 7 keer moet vergewe.

Dit mag wees dat jou onvergewensgesindheid voortspruit uit 'n seerkry. Iemand het jou diep gekwes en jou nooit om vergiffenis gevra nie. Om 'n wrok te koester is soos om met 'n voordurende pyn rond te loop wat later, in die een of ander situasie, tot 'n uitbarsting kom. Neem die wonde en pyn na die Here toe sodat Hy genesing kan bring. As ons dit nie gaan doen nie, as ons besluit om nie te vergewe nie, stel ons onself bloot aan "pynigers", aan dinge wat die mag het om ons oor en oor weer seer te maak. Die hart van die gees binne-in ons word later hard en ons "geestelike ore" word doof vir die stem van God. Paulus rig 'n waarskuwing in die verband aan die Efesiërs "Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; en gee aan die duiwel geen plek nie" (Ef. 4:26,27).

As ons nie berou het oor die sonde nie en God nie die geleentheid gee om ons harte weer skoon te was nie, sal emosies soos woede, onvergewensgesindheid en jaloesie dit vir Satan moontlik maak om vatkans in ons lewe te kry.



Wanneer jy vergewe verander jy nie noodwendig die verlede nie maar jy verander verseker die toekoms

**Die Riviertjie**  
Bydraes moet die  
Kerkkantoor voor  
12:00 op  
Maandag, 13  
Maart bereik!

Ons vou op  
Vrydag, 24 Maart  
die Riviertjie.

God het die mensdom met 'n gees, siel en liggaam geskape. Dit beteken 'n lewende aardse skepsel. God het ons geskape om te kan dink, ervaar en voel. Die mens bestaan dus uit drie komponente. Paulus het dit baie duidelik gestel toe hy vir die Tessalonisense geskryf het: "En mag Hy, die God van vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus" (1 Tess. 5:23). Dit is interessant om te let dat hy heel eerste van die gees praat, en nie die liggaam nie. Ons is dikwels geneig om ons liggame as die belangrikste te ag en dan vergeet ons dat die liggame wat ons ken, eendag gaan ophou om te bestaan. Maar ons gees sal vir ewig lewe. Ons doen moeite om ons liggame te klee, te voed en gerieflik te maak, en dit terwyl ons besig om geestelik van die honger te sterf.

Blaai na Bladsy 3

## LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)

Kol.3:11 Christus alles en in almal.



# Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE.

*WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD ..... OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET ( SOMMER MET 'N FOTO BY).*

## GELUKWENSING:

Baie seën aan Pieter & Stella de Jager wat 'n agter-kleinkind, Lia Smith, ryker geword het op 2 Januarie 2017. Baie seën ook aan die ouers.

Baie seën aan Wessel & Jeanette Geldenhuys wat 'n kleindogter ryker geword het.

## DINAMIET KIEDZ KUIER IN DROOMLAND HIERDIE KWARTAAL



**Bo:** Vaak Klasie (Klaasvakie se neef) vertel vir die kinders elke Sondag meer van Josef en die voorspoed pad wat die Here vir hom beplan het.

**Regs:** Die passievolle leiers wat elke Sondag met liefde tyd spandeer met die Dinamiet Kiedz

## Vanaf bladsy 1

Dit is soos jou klere wat in jou klerekas hang. Die klere is nie "jy" nie, maar slegs kledingstukke, bedekkings waarmee jy jou liggaam bedek en vir jou liggaam aantrek. Jou liggaam is die kledingstuk waarin jou gees geklee is. As die Here nog vertoef, dan sal die liggaam sterf, begrawe word en weer stof word. Maar jou gees sal vir ewig lewe.

Sommige doen baie moeite om hulle verstand en persoonlikheid te ontwikkel. Hulle verwerf die een graad na die ander en woon die een seminar na die ander by. Ander doen weer baie oefeninge en eet net die regte kos. Dié dinge is niks mee verkeerd nie, maar dit moet nie ten koste van u geestelike ontwikkeling wees nie.

Die Skrif leer ons duidelik dat ons geestelik móet ontwikkel. God lei ons immers deur die Gees vervolgens Rom. 8:14 "Want almal wat deur die Gees van God gelei word, die is kinders van God.....Die Gees self getuig saam met **ons gees** dat ons kinders van God is"

Jy kan net geestelik ontwikkel deur gereeld die Woord van God te bestudeer en daaraan volkome gehoorsaam te wees, gebed en gemeenskap met mede gelowiges. Liggaamlik kan jy baie volwasse vertoon, maar geestelik nog steeds 'n baba wees.

Hier speel gewete 'n groot rol. As 'n mens se gewete reeds deur hardkoppige selfsug en doelbewuste sonde afgestomp is, sal geestelike beginsels vir jou vervaag, sodat jy later nie meer sal kan onderskei tussen wat reg en verkeerd is nie. En as 'n mens eers daardie stadium bereik het, sal jou gewete die Woord en wil van God teenstaan.

Die keuse om te vergewe, en sodoende met God se liefde geestelik te groei, hang net van jouself af. Niemand kan namens jou besluit of 'n keuse uitoefen nie. Moenie dat een een sonde (volgens Jak. 2:10) 'n keuse wees tussen ewige lewe en ewige dood nie.

Deur Ina Kruger



## Dance-in-Line Worx

'n Dans waaraan almal kan deelneem

Alleen dans op - "Country of Latin of Pop of Disco of Irish", ens. musiek!

**Kom sluit by ons aan ...!**

Klasse: Maandae tot Donderdae

**Plek: Lourensriergemeente se saal, Strand**

**Skakel gerus vir Martie (083 287 7040) vir meer info.**





## FOKUS OP DIE HUWELIK

### Huweliksbagasie

So lees ek onlangs 'n artikel oor al die bagasie wat ons in ons huwelike insleep....

Die artikel verwys na Gen. 2: 24 “Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.”

Beteken dit net dat met ons huwelik ons ouers moet los en ons eie huis opsit, of is daar iets meer agter die vers?

Wat beteken “pa” en “ma” vir jou? Onthou jy die lekker en dalk ook die sleg wat jy by pa en ma geleer en gekry het – hierdie dinge uit die verlede waaraan jy so gewoond was voor jy en hy/sy getroud was; hierdie dingetjies wat “pa” en “ma” vir jou was. Dis hierdie dinge wat die bagasie van ons verlede vorm.

Hoeveel van hierdie dinge, woorde, gedagtes, gewoontes, vrese of gebruike vorm deel van die bagasie wat jy in jou huwelik insleep of ingesleep het?

Party mense dra 'n klein rugsakkie, ander sleep 'n trollie op wiele “verlede bagasie” saam met hulle wanneer hulle hul huwelik begin.



Het jy al gedink hoe seer die woorde soos “my ma se kos”, of “my pa se wysheid” in gesprekke met jou man / vrou maak?

In die huwelik word ons tog 'n nuwe “eenheid”; moet ons tog nuwe dinge opbou wat vir ons belangrik is en wat deel van ons “eenheid” word.

Kom ons praat hierdie ding uit – kom ons besluit saam om die bagasie van die verlede met rugsakkie en trollie en al, uit ons huwelik uit te gooi en ons eie nuwe gewoontes en gebruike in ons huwelik te vestig. Moenie dat die bagasie van ons verlede ons huweliksgeluk rem en doodmaak nie.

- Willem Botes -

## GEBEDSAKSIE - Maart 2017

### ONDERWERP: Beskermingsdienste

*Lukas 7:8-9 Ek is self 'n man wat onder gesag gestel is en ek het soldate onder my. Vir een sê ek: 'Gaan daarheen!' en vir 'n ander sê ek: 'Doen dit!' en hy doen dit. Jesus was verwonderd toe Hy dit hoor. Hy draai toe om na die mense wat agter Hom aangekom het en sê: "Ek sê vir julle: In Israel het Ek nie so 'n groot geloof teëgekome nie."*



### Week 1: 26 Feb – 4 Mrt

Weermag/Lugmag/Vloot

Gebedsversoek

- Bid vir die beskerming van die lede van die onderskeie magte.
- Bid vir die gesinslede van die manne en vroue in die magte.
- Bid dat hulle wie vir ons met wapens moet beskerm, die geestelike wapenrusting van God sal ken.

### Week 2: 5 Mrt – 11 Mrt

Polisiemag

*Matteus 5:25-26 (ABA) Wanneer iemand jou hof toe wil vat, dan moet jy met hom vrede maak voordat julle by die hof kom. As jy dit nie doen nie, dan sal hy jou na die hof bring, en die regter sal sê die polisie moet jou in die tronk toesluit. Ek sê vir jou, en dit is seker: Jy sal nie uit die tronk uitkom nie. Jy sal eers alles moet betaal wat jy skuld.*

Gebedsversoek:

- Bid dat hulle wat korrupsie moet beveg, nie deel daarvan sal wees nie.
- Bid dat hulle oordeel in elke opsig regverdig sal wees.
- Bid vir hulle en hul gesinne se beskerming.
- Bid teen wettelose mense wat weerwraak teen die polisie neem en hulle doodmaak.



### Week 3: 12 Mrt – 18 Mrt

Brandweer

*Rigters 15:4-5 Hy het toe drie honderd jakkalse gaan vang en hulle sterte twee-twee aan mekaar vasgemaak. Hy het fakkels gevat en tussen elke twee sterte 'n fakkel vasgemaak. Hy het toe die fakkels aan die brand gestee en die jakkalse tussen die graan van die Filistyne losgelaat. Hy het die miedens en die graan op die land aan die brand gestee, ook die wingerde en die olyfboorde.*

Gebedsversoek:

- Bid vir fisiese uithou vermoë onder moeilike en gevaarlike werksomstandighede.
- Bid dat wanneer hulle teen werklike vure stry, hulle God in hulle lewe sal hê en nie eendag die ewige vuur sal moet trotseer nie.
- Bid dat waar hierdie mense dikwels in brandende geboue moet ingaan en die gevaar loop om self ernstige brandwonde op te doen, hulle die moed sal hê om voort te gaan om mense in noodsituasies te red.

### Week 4: 19 Mrt – 25 Mrt

Seeredding

*Handelinge 27:18-19,22 Omdat ons baie swaar gekry het in die storm, het hulle die volgende dag die skip se vrag oorboord begin gooi. Die dag daarna het hulle eiehandig ook die skip se toerusting in die see gegooi. Maar selfs in hierdie omstandighede vra ek julle: Hou moed! Niemand van julle sal sy lewe verloor nie. Net die skip sal vergaan.*

Gebedsversoek

- Bid vir die mense wat dikwels stormweer moet trotseer om mense wat op see in gevaar verkeer te red.
- Bid vir hierdie mense se families wat tydig en ontydig alleen gelaat word terwyl hulle mense in gevaar op see moet help.
- Bid vir reddingsoperasies wat dikwels baie vêr van die vaste land uitgevoer word en die risiko groot is dat hul vliegtuie en bote self probleme kan ervaar.



### Week 5: 26 Mrt – 1 Apr

Verkeer

*Ps 139:3 en Ps 23:3 Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend.*

Gebedsversoek

- Bid vir verkeersbeamptes wat moet toesien dat mense die verkeersreëls gehoorsaam..
- Bid vir hul veiligheid waar hulle dikwels teen wetsongehoorame mense moet optree en dan self aangeval en dikwels gedood word.
- Bid dat hulle nie sal toegee aan korrupsie en nie sal swig om omkoopgeld te aanvaar om oortreders vry te spreek nie.

# ONS GEMEENTEVROU SE RESEPTHEOKIE

*As ons God se Woord in ons gedagtes het, sal Hy die regte woorde in ons mond plaas.*



## ROMERIGE SPRIETUI-JOGURTSOUS VIR AARTAPPELSLAAI

*Genoeg vir 4-6 persone*

**36 groot sprietuie – gesny**  
**11g roomkaas**  
**140 ml Griekse jogurt**  
**5 ml gekapte dille**  
**700g baba- of jong aartappels – gekook**

Sny sprietuie in dun ringe en sprinkel 'n bietjie sout oor.

Laat staan 20 minute en dreineer, spoel af en druk droog met kombuispapier. Dit maak hulle sagter en gee dit 'n ligter geur.

Klop roomkaas en jogurt tot glad. Roer sprietuie en dille by.

Gooi die sous oor die aartappels sodra dit afgekoel het tot kamertemperatuur..

## HOENDERKEBABS MET KOLJANDER EN MENTBLATJANG

*Maak 24 kebabs*

### BLATJANG:

**125 vars ment**  
**125 vars koljander**  
**15 ml suurlemoensap**  
**12 ml vars gerasperde gemmer**  
**1 klein groen brandrissie, ontpit en fyngekap**  
**75 ml natuurlike jogurt**

### KEBABS:

**125 ml natuurlike jogurt**  
**45 ml tikka-kerriepasta**  
**30 ml olyfolie**  
**2 knoffelhuisies – gepers**  
**10 ml vars gekapte gemmer**  
**2 ml rissiepeper**  
**8 hoenderborsies - in blokkies gesny**

**Blatjang:** Verwerk al die bestanddele in 'n voedselverwerker tot glad. Hou in yskas tot benodig.

**Kebabs:** Meng al die kebab bestanddele, behalwe die hoender in 'n groot bak. Voeg die hoender by en roer in die jogurtsous. Bedek en marineer vir twee ure of oornag. Voorverhit die oondrooster. Ryg die hoender op houtsosatiestokkies in en rooster alkant vir drie tot vier minute of tot heeltemal gaar. Sit warm of koud voor met blatjang.

## SOETRISSIE HOENDER

*Genoeg vir 6 tot 8 porsies.*

### 12 Hoenderporsies

### Sout en peper na smaak

### SOUS:

**440 g (1 blik) pynappelringe**  
**1 ui – gekap**  
**187 ml (¾ k) mayonnaise**  
**250 ml (1 k) sout rissie-blatjang**  
**60 ml (4 el) bruinuiesoppoeier**

Stel oond op 180°C.

Plaas hoender in oondbak. Geur na smaak met sout en peper.

### Sous:

Sny pynappelringe in stukkies. Meng sap van pynappel, ui, mayonnaise en blatjang.. Meng bietjie van mayonnaisemengsel by soppoeier tot glad. Roer by res van mayonnaisemengsel en voeg by pynappel - stukkies..

Skep sous bo-oor hoender.

Sit deksel op of bedek met foelie en bak vir 40 minute.

Verwyder deksel of foelie en bak nog 15 minute tot hoender begin verbruin.

## SUIKERVRYE GEBAK APPEL-&-KANEELMUFFINS

16 muffins

Baktyd 20 tot 25 minute

Oondtemperatuur: 200°C

**250 g koekmeelblom**  
**10 ml bakpoeier**  
**2 ml koeksoda**  
**10 ml kaneel**  
**100 g volkoringmeel**  
**1 groot eier**  
**110g fructose**  
**80 ml olie**  
**175 ml natuurlike laevet jogurt**  
**40 ml afgeroomde melk**  
**2 Granny Smith-appels – ontpit en in blokkies gesny**

Plaas papierkoekiehouers in die muffinbakpan. Sif die koekmeelblom, bakpoeier, koeksoda en kaneel saam. Roer die volkoringmeel by. Klop die eier en fructose saam tot lig van kleur. Voeg olie, jogurt en melk by en meng goed. Maak 'n holte in die middel van die droë bestanddele en vou die vloeibare mengsel in. Roer die appels versigtig by die mengsel in. Skep die mengsel in die papierkoekiehouers en bak in 'n voorafverhitte oond vir 20 tot 25 minute of tot goed gerys en bruin.

## APPEL- & JOGURTTERT

12 porsies

**KORS:**

**187 ml (¾ k) strooisuiker**  
**1 eier**  
**500 ml (2 k) koekmeelblom**  
**5 ml (1 tl) bakpoeier**  
**Knypie sout**

**VULSEL:**

**410g (1 blikkie) appelskywe**  
**4 eiers**  
**125 ml (½ k) heuning**  
**75 ml (5 el) strooisuiker**  
**250 ml (1 k) natuurlike volroom jogurt**

**5 ml (1 tl) vanielje**  
**2,5 ml (½ tl) kaneel**  
**Knypie sout**

Stel oond op 180°C.

**Kors:**

Verroom botter en suiker tot lig en donsigtig. Voeg eier by die klits goed.

Sif droë bestanddele saam en voeg by bottermengsel. Meng goed.

Smeer losboomkoekpan met 'n deursnee van 25cm.

Druk deeg op boom en teen kante vas.

**Vulsel:**

Rangskik appelskywe op deeg in koekpan.

Klits eiers saam tot goed gemeng.

Voeg heuning, strooisuiker, jogurt, vanielje, kaneel en sout saam. Klits goed.

Giet mengsel versigtig oor appels.

Bak een uur en 10 minute tot goudbruin en gaar in die middel.

Bedek met foelie na 50 minute van baktyd verstreke is, anders raak die tert bo-op te donker. Sit loutwarm of koud saam met geklitste room voor.

## SJOKOLADE-AARBEIPOTJIES

*'n Pure bederf-nagereg - Genoeg vir 4 persone*

**100g melksjokolade – in stukkie gebreek**  
**125 ml room**  
**40 ml Cape Velvet-likeur of sterk koffie**  
**200g roomkaas**  
**200g vras aarbeie – gehalveer**

Plaas sjokolade in 'n glasbak. Laat staan die bak bo-op 'n pot vol pruttende water totdat die sjokolade begin smelt. Meng tot glad. Verwyder dan die bak van die hitte en laat afkoel.

Klop die room styf. Vou die likeur of koffie en roomkaas in.

Voeg die helfte van die aarbeie sowel as die sjokolade by en vou versigtig in.

Skep in bakkies en versier met die oorblywende aarbeie.



# Mosambiek Geletterdheid

"sodat hulle die Bybel kan lees"



## Nuusbrief: Januarie 2017

Teen die tyd wat u hierdie nuusbrief lees het ons ons gemeentebesoeke in die Helderberg-kom en Suidkaap voltooi. Baie dankie aan elke persoon, familie en gemeente wat ons op hierdie jaar se besoeke so hartlik ontvang het. Baie dankie vir al die omgee, gebede, ervarings, vol maagies, rusplekke, bederfies, lekker gesprekke en lekker lag. Ons het 'n regtig 'n geseënde tyd saam met julle gehad. Ons kon Jesus deur julle sien en ervaar!



Ons vlieg Saterdag 4 Maart terug na Blantyre vanwaar ons na Milange reis.



Niehan en Carmen

Kontak ons:

E pos: [baiewarm@yahoo.com](mailto:baiewarm@yahoo.com)

Whatsapp: +27 76 434 2773

Facebook : Mosambiek Geletterdheid



## QUIONGA

### Gebedsbrief 1-2017

Dit is 'n **nuwe jaar** vol moontlikhede en uitdagings.

Ons bid en vertrou dat ons elke geleentheid sal aangryp en die beste daarvan sal maak in hierdie jaar.

Ons het al baie goeie gesels en kuiertyd saam met verskeie mense gehad, waar ons kon deel waarmee God in ons lewens en in Quionga besig is. Ons het ook in ons gesels met mense besef dat dit nie altyd net die groot, "wow-goed" is wat ons met mense moet deel nie, maar ook die klein dingetjies wat gebeur.

Ons staar ons altyd vas daarteen dat daar nie sulke aardskuddende goed by ons gebeur nie, maar het net weer besef dat daar tog goeie goed is wat ons kan deel en wat ons en ander opgewonde kan maak.



#### Wat die bouplanne op die terrein aanbetref.

Wanneer ons teruggaan wil ons sommer dadelik begin om hierdie projek klaar te kry. Ons hoop dat André vinnig 'n bouer sal kan kry om die kerkfondasie te kom uitbou.

Nuus van Quionga ontvang laasmaand was dat ons **waterput** vir die eerste keer in sy bestaan nie water gegee het nie. Ons het in November die put laat

skoonmaak, maar die man kon toe nie die pyp, wat André ingesit het om die pomp in te laat sak, sien nie. Ons vermoed die grond het in die put in gespoel toe die put aan die begin van laasjaar gesak het. Die werker het toe weer die man laat kom en gegrawe tot hy die pyp kon kry en genadiglik weer water in die put kon kry. Ons sal werk moet maak van die put en watersituasie ook wanneer ons tuis kom.

Dankie vir elkeen wat **bydraes** maak ten opsigte van mediese voorraad en ons daardeur in staat stel om die mense van ons omgewing te kan help.

Bid asseblief steeds saam met ons vir die fondse vir nuwe bande. Ons weet die Here is groot en getrou en sal sorg dat die bakkie ook in 'n goeie toestand is wanneer ons weer die terugreis moet aanpak.

Ons het in Januarie reeds begin met gemeentebesoeke en wil graag **diegene bedank** wat ons sover met soveel liefde ontvang het.

#### Kontak en ander inligting

**Andre & Anna-Marie Thiar, Quionga, Mozambique**

Epos: [thiartaa@gmail.com](mailto:thiartaa@gmail.com)

Facebook: **Makwe Mission** - <http://www.facebook.com/#!/MakweMission>

Webblad: [www.gcx.org/Makwe Mission](http://www.gcx.org/Makwe_Mission)




Celnr Moz: +258 86 68 42 675 + Whatsapp

+258 84 228 9038 + Whatsapp

Celnr SA: +78 348 1914 + Whatsapp


+73 909 5288 +Whatsapp

Knip die volgende stukke uit en kleur dit in. Bou dan vir jou 'n kruis om in jou Bybel te sit. Jy kan dit ook op 'n papboks plak om sterker te maak. Kleur die hart rooi in en plak die hart in die middel van die kruis.



## BLOKKIESRAAISEL: MAART 2017

( Mat.4:1-11; Joh.3:1-17; Joh.4:5-42; Joh.9:1-41 )



### DWARS:

- 2 Terwyl Jesus wegstap, sien hy 'n man wat van sy ..... af blind was. [Joh.9]  
4 Die vrou het haar ..... by die put gelos en na die dorp toe teruggegaan. [Joh.4].  
6 As iemand nie ..... gebore word nie, kan hy nie die koninkryk van God sien nie. [Joh.1].  
8 Ek het ..... om te eet waarvan julle nie weet nie. [Joh.4].  
11 Ander het gearbei en julle pluk die ..... van hulle arbeid. [Joh.4].  
12 Jy mag die Here jou God nie op die ..... stel nie. [Mat.4].  
14 Nikodemus het aan die party van die ..... behoort. [Joh.1].  
16 Nikodemus het vir Jesus 'n ..... wat van God kom, genoem. [Joh.1].  
17 Satan wou hê dat Jesus voor hom moet neerval en hom ..... [Mat.4].

### AF:

- 1 Baie Samaritane het tot geloof gekom op grond van die woord van die vrou wat ..... het. [Joh.4].  
3 Daar het ..... gekom en vir Jesus versorg. [Mat.4].  
5 Satan het vir Jesus na die ..... stad geneem. [Mat.4].  
7 'n Mens leef van elke ..... wat uit die mond van God kom. [Mat.4].  
9 Hoe kan iemand wat 'n ..... is, sulke wondertekens. doen? [Joh.9].  
10 Die fontein van Jakob was naby hierdie dorp. [Joh.4].  
11 Jesus is in die woestyn ..... deur die duiwel. [Mat.4].  
13 Wat uit die ..... gebore word, is gees. [Joh.1].  
15 Die een ....., en die ander een maai. [Joh.4].



**INTERNATIONAL  
PROPERTY  
AWARDS**

In association with

**The Telegraph**

BEST INTERNATIONAL  
REAL ESTATE AGENCY  
MARKETING


"I AM PAM"  
by Pam Golding Properties

**2016-2017**

BEST INTERNATIONAL  
REAL ESTATE AGENCY,  
MARKETING.

"I am Pam" CAMPAIGN

TAKE ADVANTAGE OF OUR SUCCESS  
AND MARKET YOUR PROPERTY  
THROUGH US.



**Edelweiss Hankey**

083 252 1964 / edelweiss.hankey@pamgolding.co.za



pamgolding.co.za

